# DIE VROU IN DIE KERKGESKIEDENIS

*Dr. Anna Böeseken*

*Die kerkgeskiedenis begin met vroue.*

Die onderwerp, „Die vrou in die kerkgeskiedenis" is so veelsydig as die lewe self en die eerste vraag wat opduik is: „Waar begin die kerkgeskiedenis?" Daaroor het in boeke wat in die dertigerjare van hierdie eeu geskryf is, geen eenstemmigheid geheers nie. In 'n beknopte geskiedenis van wat Spoelstra vir katkisante geskryf het, verduidelik hy dat die kerkgeskiedenis by Adam en Eva begin, terwyl in hul „Kerkgeskiedenis vir ons Volk" A. M. Kriel en G. B. A. Gerdener skryf dat die kerkgeskiedenis op die Pinksterdag begin. (Hiermee stem S. du Toit asook Spoelstra, Pont en Keet saam). G. S. Wegener sê in „Die Lewende Kerk" dat dit op Golgotha „in vertwyfeling, wanhoop en vrees" begin.

Maar nou wil ek as „leek" en miskien as „ketter" van al hierdie geleerde uitsprake verskil. Vir my begin die kerkgeskiedenis met die opstanding van Christus uit die graf, toe Hy volgens Joh. 20 : 7 aan Maria gesê het: „Gaan na my broeders en sê vir hulle: „Ek vaar op na my Vader en julle Vader en na my God en julle God". Volgens Luk. 24 : 10 was dit Maria Magdalena en Johanna en Maria die moeder van Jacobus en ander vroue saam met hulle, wat die Blye Boodskap van Jesus se herrysenis aan die apostels gaan verkondig het. Vir my het daar nooit die minste twyfel bestaan dat Christus ook die vrou as verkondiger van sy evangelie na sy opstanding aangewys het nie. Daar begin die N.T. Kerkgeskiedenis.

In „Sieners van die Môre" laat Ds. I. L. de Villiers baie duidelik uitkom dat dié vroue rondom Jesus ook „dissipels" in die letterlike sin was. Hulle was beslis geen tweederangse Christene nie.

*Die rol wat die vrou na Christus se opstanding in die geskiedenis van die kerk speel.*

In Spoelstra, Pont en Keet (Kerkgeskiedenis Std. 9) is die eerste twee vroue wat genoem word Prisca en Maximilla, valse profetesse, wat die leer van Montanus versprei het. Verder word terloops verwys na Augustinus se moeder (bl. 38), maar nie by name nie. Die volgende vrou waaroor geskryf word, leef agt eeue later en bly ook anoniem, as die verstote vrou van Filips van Frankryk (p. 97). Daar word haas spottenderwys 'n paar vroue onder die Heiliges genoem. Ek lees die sin aan u voor: „Daar was 'n heilige vir haas elke nood om in te roep: Moeder Maria om na Jesus te gaan, Antonius vir die varke, Petronella vir koors, Anna vir mynwerkers ens." (bl. 112). In die skoolboek word die kloosterwese bespreek sonder dat daar na die bestaan van nonnekloosters verwys word! Daarna word eers weer Brigitte van Swede (1303—1374) en Catharina van Siena (1347—1380) genoem wat die skaamtelose praktyke onder die Roomse geestelikes gekritiseer het. Hulle sou dit as vroue „gewaag" het.

Behalwe 'n paar regerende vroue soos Catharina de Medici en Koningin Elisabeth van Engeland word geen ander vrouename genoem nie.

Prof. S. du Toit noem 'n paar meer vroue soos Saffira (p. 21), die Christenslavin Blandina asook Vivia Perpetua en haar slavin Felicitas wat al drie die marteldood gesterf het (p. 30). Ook Monica die moeder van Augustinus ontbreek nie. In die hoofstuk oor „Kerk en Klooster" word darem melding gemaak van die vrouekloosters op „voorbeeld" van manneklooster.

In die aangehaalde boeke lyk dit asof die vrou net die onsigbare agtergrond vir die kerkgeskiedenis is. Waar net 'n handvol vroue genoem word in die kerkgeskiedenisboeke is dit 'n moeilike taak om die rol van die vrou in die kerkgeskiedenis te beskryf. Wanneer jy jou tot die Bybel beperk, is die taak natuurlik baie maklik, want in die Bybel as God se Woord kom die vrou ten volle tot haar reg.

*Positiewe aspekte i.v.m. vroue wat in die Bybel genoem word.*

God het „man en vrou" geskape en reeds in Gen. 3 : 15 het God in die moederbelofte aan die slang gesê dat die saad van die vrou sy kop sou vermorsel. Daarna het Adam sy vrou nie meer Mannin genoem nie, maar Eva, „moeder van al wat lewe".

Jesus, die Christus, verbreek alle Joodse taboes en praat met 'n Samaritaanse vrou, nie alleen oor haar sondes nie, maar ook oor godsdienstige vrae. Prof. Tjaart van der Walt gee in sy „Gids vir Bybelkunde-studente" 'n lang lys van vroue rondom Jesus. Vroue volg Hom net soos sy dissipels, dien Hom met hul goedere, laat Hom nie in die steek wanneer die dissipels vlug nie. Die houding van die kerk t.o.v. die vrou ten spyt sê Christus die Koning van die kerk aan Maria Magdalena: „gaan heen en vertel aan my broeders . . ." Sy opdrag aan die vrou!

En Paulus wie se vermaning dat vroue moet swyg in die gemeente so dikwels aangehaal word, wanneer dit gaan oor die vrou se rol in die kerk, word versorg deur vroue. Hy laat Priscilla saam met haar man die begaafde en geleerde Griek Apollos onderrig aangaande Christus se sterwe en opstanding. Daar is nie meer man en vrou nie, want julle is almal een in Christus Jesus (Gal. 3 : 28).

*In watter opsigte het die vrou haar kragte ontplooi sedert 67 n.C. en hoe het haar liefde vir Christus tot uiting gekom in die kerkgeskiedenis?*

Die vrou word selde in die kerkgeskiedenis genoem omdat sy in 'n patriargale gemeenskap geleef het. Die meeste Joodse rabbi's het 'n besonder lae dunk van vroue gehad en kon dus sê: „Laat die woord van die Tora liewers verbrand word, as om dit aan vroue oor te lewer." In die Joodse huisgesin mog die vroue geen tafelgebed doen nie en in die sinagoge het sy agter 'n draadhek gesit. Die Grieke, skryf prof. Van der Walt, het die vrou doelbewus dom gehou. Wie 'n vrou wetenskappe leer, het die ou Grieke gesê, vermeerder die gif van 'n baie gevaarlike slang! By die Romeine

het die man selfs die mag gehad om die vrou met die dood te straf.

Omdat die kerk in 'n wêreld ontstaan het waar die onderrig aan vroue vir duisende jare tot 'n minimum beperk was, is daar vanselfsprekend onder die eerste kerkvaders en kerkvoogde geen vrou nie. Wel het in die 2de eeu n.C. vroue sowel as mans die marteldood gesterf omdat hulle geweier het om Christus te verloën. Maar hoewel mans sowel as vrouens met eweveel moed hul lewe vir Christus afgelê het, het die geniale kerkvader Tertullianus wat omstreeks 155 n.C. in Carthago gebore is, in sy boek *De cultu feminarum* aan die vroue van sy tyd geskryf: „Jy is Eva. God se oordeel hang nog steeds oor jou geslag. Jy is die poort van die duiwel. Jy was dit wat die eerste van die boom se vrugte geëet het. Die duiwel het nie die krag gehad om die man te verlei nie, maar dit was maklik vir jou om die man, die beelddraer van God, te verbrysel. God se seun moes sterwe omdat jy die dood verdien het". 'n Mens hoor die argument soms vandag nog.

Die oudste kerk het anders as die apostels al hoe minder gebruik gemaak van die diens van vroue. In sy boek „De vrouw in de hedendaagse maatschappij" skryf prof. Herman Bavinck dit toe aan drie faktore: die kettery, die hiërargie en die askese. Talle vroue het aangesluit by sektes soos die Gnostisisme, die Marcionitisme, die Montanisme en ander wat vroue wel toegelaat het om leer en sakramente te bedien.

Betroubare gegewens oor vroue se aandeel in die amptelike kerk en in die godsdienstige lewe van die eerste eeue n.C. is moeilik om te bekom. So is die verhaal van die Britse koningsdogter, Ursula, wat na 'n pelgrimstog na Rome saam met 11 000 maagde op die terugweg na haar land by Keulen deur die Hunne vermoor is, eers 500 jaar na haar dood opgeteken. Die verhaal is dus hoogswaarskynlik 'n legende.

Twee vroue wat invloed uitgeoefen het op die kerstening van Europa was Clothilda van Boergondië en Bertha van Parys. Clothilda wat in die Christelike geloof opgevoed was, het in 493 met Clovis, koning van die Franke, in die huwelik getree. Drie jaar na sy huwelik het Clovis die Christelike geloof aangeneem en is hy met 3000 van sy volgelinge gedoop. Nadat hy die Wesgote se gebied verower het, het hy Parys sy hoofstad gemaak en daar die kerk van die Apostels gebou, later bekend as die kerk van die heilige Genovéva.

Bertha, 'n dogter van Charibert, 'n koning van Parys, is ook in die Christelike geloof opgevoed en toe sy met Ethelbert, die koning van Kent, in die huwelik getree het, het sy sendelinge saam na Engeland gebring. Nadat Ethelbert 'n studie gemaak het van die Christelike godsdiens, is hy bekeer en saam met tienduisend van sy volgelinge gedoop (c. 597). So het die kerk van Christus sy seëtog in Europa begin, 'n segetog wat 'n aanvang geneem het in Thiatira, waar Lidia, die purperverkoopster, die eerste bekeerling in Europa geword het.

In die priesterhiërargie van die kerk het vroue geen rol gespeel nie. Wel het die verering van Maria wat deur die Raad van Efése

in 431 as Theotokos, dit is moeder van God, erken is, steeds toegeneem. Maria word vereer as kuis en rein, moederlik en beskermend, barmhartig en genadig, diensbaar en nederig. Duisende Christene het tot haar begin bid om vir hulle voorbidding te doen by haar seun Christus.

Hierdie verering vir Maria het die posisie van die vrou in die kerk nie verbeter nie. Vir sover bekend het geen enkele vrou ooit priester in die kerk geword nie. Daar is wel die legendariese figuur van Johannes Anglicus, wat vermom as man, priester sou geword het en deur Pous Leo IV tot die kardinaalsamp verhef is: Leo IV het in 855 gesterf en sy sou hom opgevolg het. Daar word vertel dat sy vyf kerke gebou het en drie boeke teen die ikonoklaste geskryf het. Drie jaar nadat sy pous geword het, gee sy in 'n pouslike prosessie geboorte aan 'n kind en word sy deur woedende omstanders gestenig. Drie jaar na die gebeurtenisse het die skrywer Anastasius 'n omstandige verhaal van haar bewind in sy boek *Liber Pontificalis* opgeteken. Dit is weer beskryf deur Marianus Scotius in 1075 en deur Steven van Bourbon in 1245. Daarna het ander skrywers dit ontken.

Ons weet dat daar oral in Egipte, Klein Asië, Noord-Afrika en Europa ook nonnekloosters was. Aan die hoof van so 'n nonneklooster of abdy het 'n abdis gestaan. In die Middeleeue was dit gewoonlik 'n persoon van adellike afkoms wat behalwe die klooster ook 'n groot landgoed administreer het.

Hier was daar vir vroue die geleentheid om hul talente ten volle te ontplooi. Ek noem slegs 'n paar name. In die 14de eeu het Catharina van Siena haar lewe aan Christus gewy en word die briewe en geskrifte wat sy nagelaat het, saam met dié van Petrarca genoem. In die 15de eeu het Catharina van Bologna abdis geword van 'n klooster waar sy vroue opgelei het om soos die Fransiskaners uit te gaan om waar nodig hulp te verleen. Sy is in die 18de eeu deur die Pous heilig verklaar. Theresa van Avila het die Carmelieteorde gereorganiseer en in 1452 die orde van die Carmelitesse gestig. Altesame het sy 16 monnikekloosters en 14 nonnekloosters opgerig.

Behalwe nonne was daar ook die sogenaamde Begyne, lede van 'n godsdienstige vrouegenootskap wat sonder aflê van die kloostergelofte hulle uit die wêreld teruggetrek het, armes versorg en siekes bygestaan het. Na die 12de eeu het baie van die Begyne hul toevlug in kloosters gesoek en gevind. In Breda en Amsterdam vind 'n mens vandag nog die sogenaamde hofjes waar Begyne elk in hul eie huis 'n klein gemeenskap gevorm het.

'n Ander groep vroue, bekend as diakonesse, het in die begin van die 9de eeu ontstaan. Hulle het in die vroeë Christengemeentes siekes verpleeg en kinders versorg. Later het hierdie vroue 'n heenkome in kloosters gevind. In die 19de eeu is in Nederland die sogenaamde diakonessehuise gestig waar vroue opgelei is om liefdewerk te verrig. Hulle het egter geen ampte in die Protestantse kerke vervul nie.

Gedurende die Middeleeue het vroue wat effens van die norm afgewyk het, die gevaar geloop om as „hekse" verbrand te word. So het Thomas van Aquino in sy dogmatiek 'n plek gegee aan die heksegeloof. Twee Inkwisiteurs het in 1487 'n handleiding geskryf *Malleus maleficarum* wat in die volksmond bekend gestaan het as die Heksekamer (Berkhof, p. 144).

In die 15de eeu het die Inkwisisie opdrag gekry om hekse op te spoor. Die diepgelowige Jeanne d'Arc wat haar land van die Engelse oorheersing bevry het, is op neëntienjarige leeftyd as ketter verbrand. Op 30 Mei 1431 het op die brandstapel in Rouen gestaan: „Johanna wat haarself La Pucelle, dit is die Maagd, noem, is in die oë van die kerk 'n leuenaar, verderflik, misleier van die volk, 'n towenares, bygelowig, 'n lasteraar, hoogmoedig, afgodies, wreed, sedeloos, duiwelskunstenaar, afvallig, skeurmaakster en ketter." So het 'n vrou gevaar wat haar met die politiek bemoei het en nog boonop suksesvol was. Op 16 Mei 1920 is sy egter deur dieselfde kerk heilig verklaar.

Baie vroue het 'n belangrike rol gespeel in die stryd van die Kathare of Albigensers en ander „sektariese" proteste teen die kerkleer. Hulle wou terugkeer tot die apostoliese armoede en eenvoud van die eerste kerk. Gedurende die 12de eeu het die bewegings al hoe meer veld gewen in Noord-Italië en in die suide van Frankryk, waar hulle in huise en hutte bymekaar gekom het. Hulle het die priesteramp afgeskaf, die kruis, die Maria- en ander beelde uit hul midde verwyder en as gebed slegs die „Onse Vader" gebid. Al hulle kennis het hulle uit die Bybel geput en so het hulle die vagevuur en aflaat verwerp. Toe die Inkwisisie begin vervolg, is honderde mans sowel as vrouens gemartel en vermoor.

### *Die Kerkhervorming en die vrou*

Die koms van die Protestantisme het die kanse van die vrou om 'n aktiewe rol in die kerklike lewe te speel geensins verbeter nie. As vrou en moeder het sy hoë aansien geniet en haar invloed op haar man en kinders is nie onderskat nie. Die ongetroude Protestantse vrou het egter nie meer kloosters of 'n ander heenkome voor die 19de eeu gehad nie.

Wat was die houding van die hervormers teenoor die vrou? Dit is bekend dat Luther baie lief was vir sy vrou Käthe von Bora, 'n meisie wat uit 'n klooster ontsnap het voordat sy met hom in die huwelik getree het. Dit is bekend dat sy huislike lewe baie gelukkig was. Die briewe wat hy aan sy vrou geskryf het, is vol humor en ware kameraderie. In een van hierdie briewe gee hy 'n pragtige uiteensetting oor die verskille wat daar tussen hom en Zwingli bestaan het oor die gebruik van die nagmaal. Hy het 'n hoë dunk van haar intelligensie gehad en sy het baie na aan Salomo se beskrywing van die ideale vrou gekom. In 'n boek oor die vrou en die Duitse samelewing het Eduard Otto geskryf dat Luther beweer het dat as die vrou eenmaal kant gekies het vir die Protestantisme sy

baie taaier was en stewiger vasgehou het aan die nuwe leer as die man.

Van Calvyn se huwelik is minder bekend. Aan die Switserse kerkhervormer, Guillaume Farel, het hy geskryf dat hy van die vrou wat hy wou trou, verwag het dat sy gehoorsaam moes wees, nie hoogmoedig nie, spaarsaam, geduldig en dat hy gehoop het dat sy ook sou sorg dat sy gesondheid nie sou versleg nie! Die vrou met wie Calvyn uiteindelik getrou het, was 'n weduwee, Idelette van Bure, wat blykbaar aan sy verwagting voldoen het, want na haar dood het hy geskryf dat sy 'n troue helper in sy amp was.

Verder het Calvyn in sy uitgebreide briefwisseling ook korrespondensie met vroue gevoer, veral met vroue wat invloed kon uitoefen op die politieke en openbare lewe van sy dae. So korrespondeer hy met Jeanne d'Albert, koningin van Navarra. By Renata van Ferrara het hy gepleit dat sy op haar beurt haar invloed moes gebruik om die hertogin van Savoye by haar man te laat pleit om die lot van die Waldensers in Piémont te versag.

Die vraag wat Calvyn gedink het oor die vrou in die kerklike amp word gedeeltelik beantwoord in sy *Institusie* (IV, 13, xviii). Hy sou geen beswaar hê wanneer weduwees bo 60 openbare dienste in die kerk sou verrig nie. In die volgende paragraaf verklaar hy dat diakonesse toegelaat kon word tot die openbare diens om die armes te besoek en in die kerk werke van liefde te beoefen.

Miskien het Calvyn se invloed gelei tot die besluit van die Konvent van Wesel 1568 dat vroue „van vermaarde proeve ende vroomheid ende bejaart" toegelaat behoort te word om soos in die dae van die apostels as diakonesse op te tree. Die Sinode van Middelburg het egter in 1581 geoordeel dat dit slegs in „tijden van pest en andere krankheden" kon gebeur.

In die Katolieke Kerk het die vrou as non sedert 1639 met sendingwerk in Kanada begin. Eers in die 2de helfte van die 19de eeu is ongetroude Protestantse vroue ook toegelaat om sendingwerk te doen. Oor wat vroue op hierdie gebied gepresteer het, kan baie vertel word. So het bv. Mary Slessor, 'n eenvoudige Skotse wewersmeisie, in 1876 na die oerwoude van Nigerië gegaan en daar vingeralleen die eerste skool gestig, en die evangelie verkondig.

Buite die ortodokse Christelike kerke het vroue as lede van ander organisasies lewensruimte gevind en hulle talente gebruik. So is Elisabeth Fry op 18-jarige leeftyd na die Kwakers getrek. Sy het daarna haar lewe gewy aan die verbetering van die lot van vrouegevangenes, verpleging van siekes in hospitale en hulp aan behoeftiges. Haar invloed het tot in Ierland en Europa gestrek (1780—1845).

Miskien het die starre houding van die kerk teenoor vroue en vrouediens bygedra tot die feit dat baie vroue hul heil in sektes gesoek het. Mary Eddie Baker het die Christian Science in 1879 in Boston gestig. In New York het Helena Petrovna Blavatsky in 1875 die Teosofiese Vereniging begin. Die Jehova-getuies en Heilsleër het talle vroue aangetrek.

Teen die einde van die 19de en begin van die 20ste eeu het daar egter vir die vrou meer en meer deure oopgegaan. Wetenskaplikes soos Eva Curie het bewys dat vroue die hoogste sporte van die leer kon bereik. Die kerk het egter nie ten volle van die talente van die vrou gebruik gemaak nie en self skade gely.

Daar is terreine waar vroue die kerk buite die ampte kan dien en tog nie net koek en tee bedien nie. Twee Nederlandse vroue het die allermooiste vertaling van die Psalms uit Hebreeus aan die Nederlandse volk gegee. Die diep godsdienstige digteres, Ida Gerhardt, was doktor in die klassieke lettere. Die bestaande vertalings van die Psalms het haar nie bevredig nie. Terwyl sy lesgegee het aan 'n Gimnasium het sy twintig jaar lank Hebreeus studeer. Na haar aftrede het sy haar net soos Totius in 'n klein plaashuis (in Ierland) afgesonder en saam met haar vriendin, Marie van der Zeyde ('n taalkundige) byna dag en nag aan dié vertaling gewerk. Hierdie vertaling van die Psalms vervul my met dankbare vreugde, net soos Totius se vertalings ons Afrikaners verheug.

*Die vrou se rol in die ampte*

Die Nederlandse Hervormde Kerk het in 1950 aanvaar: „Wij zijn overtuigd dat de Heilige Geest ook aan de vrouw het charisma kan geven voor het dienen dat een diaken, ouderling of predikant betaamt." Hulle oordeel tereg dat dit hier nie gaan oor die regte van die vrou nie, maar om die verheerliking van God, om die gehoorsame verwerkeliking van Sy geopenbaarde wil en die belang van die gemeente. Die vrou mag al haar gawes gebruik in die kerk van Christus.

In 1956 het die Hervormde Kerk se Generale Sinode vroue in alle ampte toegelaat en in 1969 dien meer as 100 vroulike predikante in die kerk.

Die Hervormde kerke in Nederland skakel hulle ook in by die administrasie van die kerk. So is daar bv. in Amsterdam baie gemeentes wat geregeer word deur een sentrale kerkraad. Daarin sit omtrent 25 manne en vroue: predikante, ouderlinge, kerkvoogde en diakens. Dan is daar die sogenaamde dagbestuur waarin een vrou sitting moet neem. Hulle berei die agendas vir die vergaderinge voor en hou gesprekke met groepe, stel voorlopige ondersoeke in na probleme, ens.

Daar is ook 'n sentrale diakonie wat in kontak bly met alle diakens in Amsterdam, terwyl 'n lid van die dagbestuur, in hierdie geval die vrou, met hulle skakel sodat hulle met die moderamen in kontak kan bly.

Die kerke wat die sterkste aan die tradisie van eeue vasgehou het, is my eie kerk en die Katolieke kerk. In die Lutherse kerke is reeds toegewings gemaak veral in lande soos Swede. Ook in die gemeentebestuur van die Lutherse kerk, asook in die Presbiteriaanse kerk word vroue meer en meer ingeskakel in die werk.

Wat die vrou op die preekstoel betref, het ek verlede jaar in Nederland in die Hervormde kerk in Muiderberg in 'n gesamentlike diens van Gereformeerde en Hervormde lidmate, ds. Anke Bunjes,

'n vyf-en-twintigjarige getroude vrou met 'n dogtertjie van twee jaar, hoor preek. Sy het gepreek oor die boustene van die Koninkryk van die Hemele: die Tien Gebooie. Die kerk was vol. Toe ons huistoe loop in die reën het 'n paar mans met groot lof oor haar toewyding en bekwaamheid gepraat.

Nadat ek hierdie diens bygewoon het en gehoor het hoe geredelik die dorpsgemeenskap 'n vroulike dominee aanvaar en waardeer het, het ek soos die man van Kandacé my weg met blydskap gereis, want ek was altyd diep oortuig dat dit Christus se bedoeling is dat die vrou in Sy kerk haar plek naas die mans moet inneem om te arbei vir die uitbreiding van Sy Koninkryk.

*Referaat gelewer voor die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van S.A. 6.2.1979 te Stellenbosch.*

BIBLIOGRAFIE


1. Dr. H. Bavinck: De vrouw in de hedendaagsche maatschappij (1918).
2. H. Berkhoff: Geschiedenis der kerk (4de druk, 1947).
3. J. Calvyn: Bloemlezing uit zijn werk.
4. do.: Institutie (verkort weergegeven door Dr. B. Wielinga).
5. W. F. Channon: .... Let me Introduce (1965)
6. Gerald R. Cragg: The Church and the Age of Reason, 1648—1789 (1960).
7. R. M. de Moor-Ringnalda: Vrouwen als u en ik (gj.j)
8. Ds. I. L. de Villiers: Sieners van die môre (1978).
9. Catharina J. M. Helkers en Daan Budeling: Als vrouwen aan het woord komen (1977).
10. A. M. Hodgkin: Christ in all the Scriptures (1907).
11. Dr. M. J. Hommes: De vrouw in de kerk (1951).
12. Abraham Kuyper: Vroue van die Bybel (g.j.)
13. Kurt Klein: Das Amt der Pastorin (1966).
14. A. M. Kriel en G. B. A. Gerdener: Kerkgeskiedenis vir ons Volk.
15. Murray Janson: Vir die dogters van Eva (1970).
16. Maarten Luther: Door het geloof alleen (Uittreksels uit sy werke en briewe) Table Talk.
17. Herbert Lockyer: The women of the Bible (1967).
18. Dr. H. C. H. Moguette: De Vrouw. Maatschappelijk leven (1915).
19. W. L. Marée: Helde van die kruis (1968).
20. Stephen Neill: A History of the Christian Missions (1964).
21. F. Postma: Paulus (1949).
22. L. Praasma: Calvijn (g.j.)
23. M. E. Rothman: Vroue wat Jesus geken het (1939).
24. George H. Tavard: Frauen in der Kirche: ein theologisches Problem? (1966).
25. Marie van der Zeijde: De Hand van de Dichter (1974).
26. do. en Ida Gerhardt: De Psalmen uit het Hebreeuws vertaald (1972).
27. Tjaart van der Walt: Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament (1973).
28. G. S. Wegener: In die begin was die Woord (1961).
29. do.: Die Lewende Kerk (1965).